

Pretoria



TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY
PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

Prys : 25c : Price

GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

Jaarverslag 1969

DIT is vir my 'n genoë om die Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria vir 1969 aan u voor te lê.

BESTUUR:

Daar is gedurende die jaar vier Bestuursvergaderings gehou. Die volgende persone het in die Bestuur gedien:

Mnr. N. L. P. van der Walt, Voorsitter; Prof. P. C. Coetzee, Ondervoorsitter; Mnr. P. O. Kraamwinkel, Sekretaris; Prof. dr. F. J. du T. Spies, Hulpsekretaris en Redakteur; Mnr. J. H. Snyman, Argivaris; Mnr. W. H. Kruger, Penningmeester; Mnr. T. E. Andrews, Lid; Dr. N. A. Coetzee, Lid; Maj. N. M. Lemmer, Lid; Mnr. W. Punt, Lid; Mnr. H. M. Rex, Lid; Mnr. W. S. Robertson, Lid; Mnr. E. de V. Stegmann, Lid.

FINANSIES:

Die voorlegging van die Genootskap se finansiële jaarstaat vir 1969 is op 28 April 1970 by die Jaarvergadering voorgelê.

PRETORIANA:

Ons tydskrif PRETORIANA het weer eens drie keer in 1969 verskyn. Die tekort aan bydraes vir publikasie skep vir die Redakteur inderdaad 'n probleem. Die Genootskap is in hierdie omstandighede nog te meer dankbaar vir die Redakteur se onvermoeide ywer.

MELROSE HOUSE:

Op grond daarvan dat die Genootskap die Stadsraad van die staanspoor af ondersteun het met die aankoop van Melrose House, het u bestuur die vrymoedigheid gehad om die Stadsraad met die versoek te nader om vir die Genootskap 'n vertrek in Melrose House af te sonder. Die gedagte is teenoor die Raad uitgespreek dat so 'n vertrek kon dien om die Genootskap se argiefstukke te huisves en uit te stal. Terselfdertyd kon so 'n vertrek as vergaderplek vir die Genootskap se Bestuursvergaderings dien. Die Stadsraad het nog nie finaal oor die versoek besluit nie.

ARGIEF:

Die Genootskap het 'n ware behoefte aan 'n behoorlike en blywende tuiste vir sy argiefstukke. By gebrek aan akkommodasie moet sy argiefstukke nog altyd verpak bly, terwyl geriewe vir ordening en uitstalling daarvan tot nog toe net nie bestaan het nie. Die Bestuur is dankbaar dat hy die dienste van 'n vakkundige as Argivaris kon bekom, wat ook in die

Bestuur dien, wat onderneem het om die argiefstukke te orden en te katalogiseer. Om die Argivaris se werk te vergemaklik is die argiefstukke tydelik vanaf die Staatsbiblioekgebou na die Transvaalse Argiefbewaarplek in die Uniegebou oorgeplaas.

BEWARING VAN OU GEBOUE:

Dit is al geruime tyd dat u Bestuur bekommerd is oor die verdwyning van ou geboue, wat lank reeds landmerke in Pretoria is en wat historiese en/of argitektoniese waarde het. U Bestuur is daarvan oortuig dat indien enige moontlikheid van behoud van 'n besondere gebou bestaan, dit nie bereik sal word deur individuele beywering nie, maar heelwaarskynlik wel indien alle belanghebbende organisasies saamwerk. U Genootskap het die voortou geneem om 'n aantal belanghebbende organisasies byeen te bring met die oog op 'n verenigde front vir die behoud van die ou Nederlandse Bankgebou langs Kerkplein.

OU BEGRAAFPLAAS:

Die Genootskap is amptelik deur die Stadsklerk meegeedeel dat die volgende benamings vir die hoofhekke van die Ou Begraafplaas aanvaar is:-

Paul Kruger-hek	— Paul Kruger Gate
Heldehek	— Heroes' Gate
Stigtershek	— Founders' Gate
Stadburgershek	— Citizens' Gate.

Die benaming Stigtershek is deur die Genootskap vir een van die hekke deur u Bestuur voorgestel en so deur die Stadsraad aanvaar.

LAERSKOOL TUINE-KOMPETISIE:

Die kompetisie het weer in 1969 plaasgevind en tien skole het meeding. Die beoordeling is weer eens deur mnr. H. Bruins-Lich gedoen. Die volgende skole het die prys verower:

- Eerste Prys — Laerskool Die Poort (Derdepoort)
Tweede Prys — Laerskool Rachel de Beer (Pretoria-Noord)
Derde Prys — Laerskool Voorpos (Waverley).

NASIONALE KULTUURHISTORIESE EN OPELUGMUSEUM:

Die Raad van Kuratore van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, waarin die Genootskap verteenwoordig is, was gedurende die jaar besig om met die Stadsraad te onderhandel oor die verkryging van 'n geskikte terrein van ongeveer 60 morg vir die opelugmuseum in die omgewing van die Fonteinedal. Sodra die onderhandelings suksesvol afgesluit is, kan daar met die oprigting van die museumgebou deur die Departement van Openbare Werke begin word, asook met die aanvullende opelugmuseumgeboue deur die Raad self.

VRIENDE VAN DIE NASIONALE KULTUURHISTORIESE EN OPELUGMUSEUM:

Hierdie organisasie, wat deur die Genootskap Oud-Pretoria gestig is, het intussen genoegsame lede gewerf om hom in staat te stel eersdaags sy werksaamhede in alle erns te begin.

PERSOONLIKE HERINNERINGE:

Die ryke bron van persoonlike herinneringe omtrent ons stad, wat helaas deur die wegval van sy gewaardeerde bejaardes minder en minder word, sal tot groot mate vir die nageslag en die navorsing behou word deurdat die Genootskap besluit het om 'n bandopnamemasjien aan te skaf. Een van die oudste burgeresse het reeds haar vertellings op band laat bring. In die jaar wat voorlê sal hiermee voortgegaan word. Lede word uitgenooi om ook hul eie herinneringe op band te laat aanbring.

BEDANKING.

In die eerste plek moet opregte dank en waardering teenoor die Pretoriase Stadsraad betuig word vir sy ruim geldelike bydrae. 'n Spesiale woord van dank word ook gerig aan lede en ander instansies wat tot die fondse van die Genootskap bygedra het. Ten slotte wil ek graag my waardering uitspreek aan lede van my Bestuur en aan alle ander wat meegewerk het om die doelstellings van die Genootskap Oud-Pretoria te verwesenlik.

— N. L. P. VAN DER WALT,
Voorsitter.

GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

SOCIETY OLD PRETORIA

INKOMSTE- EN UITGAWEREKENING VIR 14 MAANDE GEËINDIG 31.12.'69

REVENUE AND EXPENDITURE ACCOUNT FOR 14 MONTHS ENDED 31.12.'69

	R	R
INKOMSTE/REVENUE		
HULPTOEKENNING/SUBSIDY	300	
LEDEGEELD/MEMBERSHIP DUES	220	
RENTE/INTEREST	19	
SKENKINGS/DONATIONS	8	
		<hr/>
		R547

UITGawe/EXPENSES

KRANSIES/WREATHS	27
PRETORIANA	557
Drukkoste/Printing	586
Verkope/Sales	29

SEELS/STAMPS	5
SKRYFBENODIGDHEDE/STATIONERY	1
VERGADERING/MEETING	
Vriende van die Museum/Friends of the Museum	13
	R603
TEKORT/DEFICIT	56

BALANSSTAAT OP 31 DES. 1969/BALANCE SHEET AT 31st DEC., 1969

BATE/ASSETS

Spaarrekenings/Savings accounts	429
Kontant/Cash	5
	R434
Min/Less: Krediteure/Creditors	2
	R432

Verteenwoordig deur/represented by

OPGELOEPE FONDSE/ACCRUED FUNDS

Saldo/Balance 1.11.1968	463
Lewenslede/Life membership	25
	R488
Min/Less: Tekort/Deficit	56
	R432

Ons verklaar dat ons die rekenings en boeke en sekuriteite van die GENOOTSKAP OUD-PRETORIA nagegaan het vir die tydperk 1 November 1968 tot 31 Desember 1969 en die verduidelikings wat ons vir ons audit nodig geag het verkry het.

Die balansstaat toon na die beste van ons wete, kragtens die verduidelikings aan ons verstrekk en volgens die boeke van die vereniging 'n ware en redelike weergawe van die finansiële stand van die vereniging op 31 Desember 1969 en die inkomste- en uitgawerekening toon 'n ware en redelike weergawe van die tekort vir die tydperk geëindig op 31 Desember 1969.

We certify that we have examined the books and accounts and securities of the SOCIETY OLD PRETORIA for the period 1st November, 1968 to 31st December, 1969 and we have received the explanations we deemed necessary for our audit.

To the best of our knowledge, according to the explanations given to us and as shown by the books of the association the balance sheet shows a true and fair view of the financial position of the association at 31st December, 1969 and the revenue and expenditure account shows a true and fair view of the deficit for the period ended on 31st December, 1969.

Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)
Chartered Accountants (S.A.)
Ouditeure/Auditors.
TAYLOR EN GEERLING

28 April 1970.

(Continued)

LIFE IN THE UNION PUBLIC SERVICE

JUST a few words about General Botha. He was the most amazing character I was ever privileged to meet and I have met many great figures. His makeup was such that one either loved or hated him — there could never be a feeling of indifference. My first contact with him has already been referred to. This was a telephone conversation and being entrusted with a telegram to cancel mobilisation in 1913. When I was formally introduced to him in 1917 he looked at me closely and said that he knew all about me, that my brother had some six years earlier spent a holiday on his farm, Rusthof, and that I had served in the Commandant-General's office. It can be imagined what a lasting impression this made on an unimportant young man of twenty-four, coming from a man of international renown. But then this was one of his characteristics.

His memory for names and faces was amazing. He was intensely human, was full of lovable qualities, was very, perhaps over, sensitive and could make anybody, from the highest to the lowest, feel at home at once. Another quality he possessed can only be described as magnetism. I can vouch for the fact that when he entered a room one felt something unusual, even before one actually saw him. In whatever company he was he became the centre of things.

I must refer to just one story related to me by Brebner (his private secretary) on an occurrence at Versailles during the peace negotiations. It appears that Paderewski who was present in his capacity as President of Poland was most anxious to become as famous a statesman as he was a pianist. He tried to take part in all the discussions but was intelligent enough to realise that nobody took any notice of him. He then had a brainwave which in time enabled him to become known to all the delegates and pressmen. He started arriving about an hour after the plenary session had commenced. He would then walk up to the main table and make a stately bow to the presiding delegate. So far so good. Nobody would regard this action as unusual in a continental gathering. Paderewski then, however, would proceed down one of the

side tables towards his place near the bottom. Halfway down this table he would stop and make a stately bow to one of the delegates. This unusual action caused delegates and pressmen to ask:

“Who is that?”

“Paderewski from Poland”, would be the reply.

“Whom is he bowing to now?”

“That is General Botha from South Africa”, would be the answer.

That is how Paderewski became known and the General better known to those present. The really human touch in this peculiar little ceremony is provided by the General's reaction. When he saw Paderewski approaching he would whisper to General Smuts:

“Hier kom ou Paderewski weer, nou moet ek weer opstaan.”

At that time the General was very heavily built and obviously did not fancy the idea of getting up unnecessarily and bowing in acknowledgement.

General Botha died in 1919, leaving all of us who knew and loved him utterly miserable. Arrangements were made for a state funeral. Mrs. Botha expressed a wish that the guard of honour in the church should all be intimate friends of the General, irrespective of the position occupied by them. She selected twenty-four and I was proud to be one of them. The older ones were members of the General's personal staff during the Boer War, members of the “Kaggelpyp Seksie”; we younger ones had jocularly become known as the “Junior Kaggelpyp Seksie”. I still possess a photograph of the group of us taken in the Bosman Street Church, standing round the coffin. We spent the night in the church and next morning moved the thousands of people through the church, giving them a brief opportunity to view the coffin. For the service in the afternoon we served as ushers, taking all the people to their appointed seats.

At that time we had in Pretoria as Oculist who was a religious maniac and in the habit of delivering an oration whenever he could find a gathering of people. I had witnessed this undignified spectacle at a funeral some weeks earlier and we warned the Police to watch this man. Sure enough he turned up and as soon as Mrs. Botha sat down he attempted to deliver his oration. A private clothes detective was next to him, however, and immediately clamped his hand across the man's mouth and forcibly ejected him. The other people thought it was an ordinary case of fainting.

After the church service we walked all the way to the new cemetery, some four miles distant. In normal circumstances this would not have been so bad but we were miserable, were tired because we had no sleep the previous night and — we wore frock coats and patent leather boots and it was a very hot day. To make matters worse somebody had slipped up and no arrangements for transport back from the cemetery had been made. This entailed a further two miles walk to the old tram terminus. I was the youngest member of the bodyguard and in excellent physical condition but even I was completely "gone in" that night.

The influenza epidemic in South Africa provided a sad and difficult time for most people. In those days my old friend, Herbert Quin, and I had rooms in Alexandra Buildings (the site of the present Barclays Bank) and had our meals at the Boudoir Cafe (the site of the present S.A Mutual Building). Herbert went on a visit to Johannesburg and came back feeling very much under the weather. He wanted to stay away from office but I chased him out of bed every morning, made him take a cold shower bath and sent him to his office at the Union Buildings. Strange to relate, he recovered. I then fell ill. The procedure was then in reverse. In spite of complaining that I really was deadly ill, Herbert would chase me out of bed in the morning, make me take a cold shower bath and then to my office in Paul Kruger Street. Frequently I had to hang on to a verandah post and have a rest. Strange to relate, I also recovered. It was not until a couple of weeks later when our friends started dying, that we realised that we had suffered from the so-called Spanish Flu. The obvious explanation was given to me by a doctor friend. This was to the effect that when we contracted the disease it was not by any means as virulent as it later became. In any case, we were then "salted" and could take risks. In any case, for example, I frequently had to visit wards in military hospitals where soldiers and nurses, suffering from this disease, were to be seen in their hundreds.

Dr. Orenstein was at the time Director of Medical Services and did a wonderful job of work. As a medical administrator he was second to none and I was particularly impressed by his imperturbable nature, cheery disposition and the ability to make up his mind. My Minister's wife was dangerously ill and eventually died. The result was that his attendance at office was most irregular. Orenstein was frequently in my office and between us we perforce had to decide things ourselves, notifying the Minister as and when he was available.

At one stage when the majority of the military nurses themselves became patients I got women clerks and typists to volunteer for nursing duties and they did a stout job of work.

At another stage the petrol supplies fell dangerously low. By using the Minister's name Orenstein and I prevailed on the garages to reserve all petrol for official use. We knew we took a big chance as we had no legal power to enforce any restrictions. In the first World War our legal friends had not yet invented the famous War Measure machinery of the second World War. On one occasion a man barged into my office demanding to see the Minister of Defence immediately. He was furious because no local garage would sell petrol to him and he wanted to know who had given the Minister the legal right to do such an outrageous thing. His wife was very ill at Middelburg and he had to get there. I saw that it was a case of quick decision. I took the man into my confidence, told him that we did not have the legal power to ration petrol but that the position was so serious that something drastic had to be done at once. I arranged for him to get the necessary petrol and he solemnly promised not to let the cat out of the bag. We got away with it without legal repercussions but we were glad when the supply position enabled us to remove the restrictions. As far as I am aware we were the first petrol controllers in South Africa.

During that time, Mrs. Smuts (Ouma) used my office as a storeroom for her gifts and comforts. I had many interesting discussions with this amazing lady, who is the most natural of women, has a brilliant intellect and regards dressing up as an absolute waste of time. When she arrived one morning she demanded a contribution from me for the Children's Home at Irene. I jocularly told her that as a single man I did not feel called upon to make a contribution. Her reply was typical:

"If it were not for you bachelors there would be no need for such a Home".

While with Mentz one of the seasonal agitations about the siting of the Kruger Monument was resumed. The monument had been moved from Princes Park to Station Square but a large body of people desired it to be moved to Church Square. In those days my old friend, Herbert Quin, and I discussed many things and disagreed about most. In discussing the monument controversy he volunteered the priceless suggestion that the monument be mounted on small wheels and moved from one site to another according to public opinion at the time. I conveyed the suggestion to Mentz but it is a matter of history that this wonderful solution was not accepted.

(To be continued)

'N OORLOGTYDSE SKOOL

BYGAANDE baie interessante groepfoto is deur mej. T. C. Faure aan ons ter beskikking gestel. Dit toon die onderwysers en leerlinge van 'n tydelike skool wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog in die Sunnyside-saal, Esselenstraat, Pretoria, van eind 1900 tot begin 1902 bestaan het.

Die onderwyser en skoolhoof, mnr. M. P. Loubser, later ds. Loubser van Kenia, staan heel reg op die foto. Hy het in die begin van 1900 op kommando siek geword en is toe na Pretoria gestuur, waar hy nog besig was om te herstel toe die Engelse leer in Junie daardie jaar Pretoria beset het. Later in dieselfde jaar het hy toe in genoemde saal 'n skool begin, aangesien ander skole in Pretoria gesluit was.

„Hy het leerlinge gehad, seuns en dogters, van std. I tot wie weet waar — groot en klein deurmekaar,” skryf mej. Faure. „'n Paar groot seuns, waaronder een van generaal De la Rey, wat baie liewer op kommando sou gewees het, was soms moeilik, en in die beperkte ruimte (die twee konsistorie-kamertjies) het dit soms baie woes toe gegaan.”

In die middel van die foto sit mej. Katie Faure wat as assistente van mnr. Loubser opgetree het en vir die heel kleintjies op die platform van die saal skool gehou het. Sy was die oudste dogter uit die bekende Faure-gesin wat teenoor die saal op die suidoostelike hoek van Esselen- en Troyestraat gewoon het. Die saal was op die noordoostelike hoek. Dit was 'n kerksaal wat ten behoeve van die Sunnyside-gedeelte van die Ned. Herv. of Geref. Gemeente, Pretoria, 'n paar jaar vantevore opgerig is.

Ongelukkig herken mej. T. C. Faure en haar suster nie meer veel van die gesigte wat op die foto voorkom nie. Heel bo links in die venster staan 'n klein seuntjie Zeederberg en links en regs van mej. Katie Faure sy twee susters. Hulle was kinders van Jim Zeederberg, broer van die poskoetsman, wat op die wal van Walkerspruit in Troyestraat gewoon het.

Heel links in die boonste ry, langs die soort van pilaar, staan Gerrit Maritz, later bekende regsgelerde en regterpresident van Transvaal.

In die kort ry wat teen die vensterkosyn begin staan tweede van links Eben Swemmer, later 'n bekende onderwysman in Pretoria en jare lank hoof van die skool wat tans sy naam dra.



DIE SKOOL VOOR DIE SUNNYSIDE-SAAL

In dieselfde ry, vierde en vyfde van links, staan Christo en Lennie Beyers, seuns van Piet Beyers, broer van generaal C. F. Beyers. Albei die seuns het later, elkeen op sy eie gebied, vooraanstaande figure in die samelewing geword.

Christo Beyers is op 3 Januarie 1888 op 'n plaas naby Stellenbosch gebore, vanwaar sy ouers om ekonomiese redes na Pretoria verhuis het. Hy was 'n peetkind van generaal C. F. Beyers, wie se naam hy gekry het. In Pretoria het hy sy eerste opleiding gekry om later in Stellenbosch skool te gaan. Met die besetting van Pretoria was hy weer in hierdie stad, vandaar dat hy toe in die skool van meester Loubser tereg gekom het. Hy was baie skrander en dit word vertel dat sy neef, bogenoemde Gerrit Maritz, by geleentheid lelik moes deurloop omdat hy vergeet het om hier en daar 'n fout aan te bring in die huiswerk wat hy van hom afgeskryf het. Teen die einde van die oorlog is hy terug na die Hoër Jongenskool op Stellenbosch en later na die Victoria-kollege waar hy die B.A.-graad met lof in Dierkunde verwerf het en 'n tydlang die assistent van die bekende Robert Broom was. In 1909 is hy na Engeland om in die Medisyne te studeer — aan die St. Bartholomew-hospitaal. Na voltooiing van sy studie doen hy diens in die Richmond Militêre Hospitaal en daarna in Frankryk as lid van die Suid-Afrikaanse Veldambulans. Na die oorlog bekwaam hy hom as chirurg en keer in 1920 na sy vaderland terug.

Hy praktiseer hierna in Johannesburg waar hy spoedig naam gemaak het. Hy is ook verbonde aan die Mediese Skool van die Witwatersrandse Universiteit, eers as chirurgiese registrator onder prof. Richie Thomson en later as dosent. In 1928 behaal hy in Londen die graad *Master of Surgery* en was destyds die enigste geneesheer in Suid-Afrika met hierdie hoogste Engelse graad in die Chirurgie. Met sy skitterende intellek en besondere persoonlikheid het dr. Christo Beyers destyds baanbrekerswerk vir die Afrikaanse geneesheer aan die Rand gedoen. „Those of us who saw the vierkleur hauled down at Pretoria will never forget it”, sou hy by een geleentheid gesê het. Na sy dood — hy sterf in 1933 op die leeftyd van slegs 45 jaar — het sy Afrikaanse kollegas 'n vereniging gestig vir die handhawing van Afrikaans op mediese gebied en dit na hom die „Gedenktak Christo Beyers” genoem.¹

Sy broer Lennie (Leonard) Beyers — hy is die klein outjie langs hom wat sy nek rek om ook sigbaar te wees — is op 22 Januarie 1894 in Pretoria gebore en was dus ongeveer sewe jaar oud toe die foto geneem is. Hy het 'n militêre loopbaan gekies. In 1913 sluit hy by die Staande Mag

¹) Vgl. O. Geyser, Gedenktak Christo Beyers. Publikasie van die Randse Afrikaanse Universiteit, 1969.

aan; in 1918 is hy bevorder tot kaptein, in 1928 tot majoor en in 1931 tot luitenant-kolonel. Van 1932 tot 1937 was hy direkteur van Gevangenis en van 1937 tot 1939 offisier in die Burgermag. In 1939 tree hy weer voltyds in militêre diens, word in 1942 bevorder tot generaal-majoor en later tot luitenant-generaal.

Generaal Len Beyers het gedurende 1949-1950 die toppunt van sy loopbaan bereik toe hy hoof van die Generale Staf van die Unie van Suid-Afrika was.

Om terug te keer tot die foto: die laaste seun in dieselfde ry, langs mn. Loubser, was Koos Faure, enigste seun uit bogenoemde familie Faure, later bekende professor aan die Universiteit van Pretoria. Hy was een van die eerste studente aan die T.U.K., maar eintlik ontvang hy sy opleiding in Amerika waar hy van 1908 tot 1913 met 'n beurs van die Transvaalse regering gestudeer het. By sy terugkeer werk hy by die entomologiese afdeling van die Unie van Suid-Afrika en verwerf gaandeweg wêreldroem vir sy navorsing op die gebied van sprinakaanbestryding. Hy is reeds vroeg in sy loopbaan aan die T.U.K. verbonde, waar hy van 1921 tot 1951 as professor in Entomologie 'n baie bekende figuur geword het.

Nog 'n lid van die familie Faure is Tilly (Mej. T. C. Faure) wat derde van regs in die ry meisies sit. Ook sy was een van die eerste studente aan die T.U.K., toe dit in 1908 in Kya Rosa in Skinnerstraat gestig is. Sy het later 'n belangrike rol in die onderwys gespeel. Haar lewenswerk was die Pretoria-Oos Laerskool, wat in 1928 onder haar leiding tot stand gekom het en waarvan sy vir vyftien jaar, tot 1942, die hoof was.

Dan kom op die foto nog die jongste van die Faure-susters voor. Sy is die dogtertjie wat heel voor in die middel van die foto sit, met die kappie op haar kop. As mej. Stephanie Faure het sy later 'n bekende elekusie-onderwysseres in Pretoria geword, wat met die organisasie van konserse, kunswedstryde en so meer, 'n belangrike rol in die kulturele lewe van die hoofstad gespeel het. Sy is intussen oorlede.

Ten slotte kan nog een persoon op die foto uitgeken word. Dit is die klein dogtertjie in die voorste ry net na die vier seuntjies (van links na regs). Sy was Marie Celliers, dogter van die digter Jan Celliers. Die familie het daar digby in Kotzestraat gewoon, waar Jan Celliers vir 'n tydlang tydens die Anglo Boere-oorlog homself verstek het, en van waar hy later ontsnap het en na baie avonture weer by die kommando's uitgekom het.

Graag verneem ons van ons lesers of daar nog persone op die foto uitgeken kan word.

— F. J. DU T. SPIES.

DIE LOTGEVALLE VAN DIE STAATSMODELSKOOL-gebou: 1937-1948

MET verwysing na „Pretoriania” nr. 56-57 (April-Augustus 1968, pp. 10-15) volg hier meer besonderhede aangaande die geskiedenis van die Staatsmodelskool-gebou vanaf 1937. Ongelukkig het die skrywer sy ondersoek oor die tydperk 1937-1942 weens tydsgebrek nie kon voltooi nie. Daar is dus 'n gaping wat tot op hede nie gevul kon word nie.

Wat hiervoor enigsins vergoed, is die volgende gegewens met betrekking tot die inskrywings oor die tydperk Januarie 1936 tot Desember 1945. Ons neem, met uitsondering van 1945, alleen die Januarie-inskrywings: 1936—386, 1937—426, 1938—401, 1939—394, 1940—426, 1941—458, 1942—519, 1943—523, 1944—495, 1945—508 (Januarie) en 438 (16.10.1945). Daar is tussen die Januarie- en Desember-inskrywings verskille van 36—74 wat veroorsaak is deur leerlinge wat, in die loop van die jaar, 16 geword en die skool verlaat het¹.

Wat die personeel betref kan nog vermeld word dat mnr. N. M. Botha, voorheen werkzaam as onderwyser aan die Generaal Nicolaas Smit-skool, Pretoria, op 18.6.1937 aan die *C.J.H.* aangestel en op 3.8.1937 diens aanvaar het. Hy het die plek van mnr. J. Zonneveld ingeneem². Met ingang van die 4e kwartaal is mej. L. W. Thornton, voorheen van die Sunnyside-skool, as gevolg van die bedanking van mej. Z. K. Parsons, as personeellid aangestel³.

Die tydperk 1942-1948

Op 28 Februarie 1942 is houtwerkbanke, gereedskap en materiaal van die Victoriabrug-B-houtwerksentrum na die *Central Junior High School* oorgeplaas⁴.

Uit die kwartaalstaat oor die 4e kwartaal 1942 blyk dat die skool op dié tydstip 458 leerlinge getel en die vaste personeel uit die volgende onderwysers(-esse) bestaan het: Mr. A. C. Buyskes (prinsipaal), mnr. H. J. J. M. van der Merwe (8A), mej. E. B. Oakes (8B), mej. Arden-Davis (8C), mnr. F. W. L. Lombard (7A), mej. M. E. Driver (7B), mej. F. Jacobs (7C), mej. D. E. Elliott (7A), mej. L. D. Lazarus (7E), mnr. N. M. Botha (6A), mej. B. Burnham (6F), mej. F. C. McGillivray (6H),

mej. J. H. McIntosh (Huishoudkunde) en mnr. A. S. Roux. Tydelike leerkrakte was die volgende: Mev. J. E. Visser, mev. N. A. Wilding, mev. M. E. F. van Coller, mev. Fourie, mej. Van Tilburg en mev. Piso.

Die toestand waarin die gebou verkeer het, het heelwat te wense oorgelaat en is deur mnr. Buyskes en die Sekretaris van Onderwys op 31.10.1942 bespreek. Opknappingswerk wat volgens die prinsipaal in 'n groot aantal jare nie geskied het nie, het dringend noodaanklik geword. Daar was gate in die mure en vloere, die stoep het op die punt van instorting gestaan, die dak het aandag gevra en die Victoriaabrug-sentrum, wat toe as 'n klaskamer van die C.J.H. gebruik is, moes terselfdertyd opgeknap word. Dat hierdie toestand ontstaan het, moet toegeskryf word aan die plan om 'n tweetal nuwe junior-hoërskole langsaaan die „Zuid-Afrikaanse Hospitaal” te bou. Daarna was daar sprake van die bou van een van hierdie skole, maar aangesien dié planne nie verwesenlik is nie, het dit nou dringend nodig geword om die gebou op te knap⁵.

Aan die begin van 1943 is prinsipaal Buyskes deur die sekretaris van die plaaslike skoolraad geluk gewens met die uitstekende eindeksamenresultate in 1942⁶ en ongetwyfeld het die personeel aan die begin van 1943 vol moed met die uitvoering van die werksaamhede voortgegaan. Onder die vaste personeel merk ons 'n paar nuwelinge, t.w. mnre. M. J. van R. Bosman en C. R. Nijenes, en mej. J. R. Blignaut en L. E. Venter op. Onder die personeellede wat op militêre diens was, was daar mnr. H. F. Hayman wat, na sy terugkeer, met ingang van 1.7.1947 as prinsipaal van die Hatfield-laerskool opgetree het.

Op 17, 18, 21 en 22 Junie 1943 is die gebou aan 'n grondige inspeksie onderwerp. Bevind is o.m. dat herstelwerk dringend nodig was, dat die verligting en ventilasie in die meeste klaskamers ontoereikend was en dat die donker gekleurde binnemure 'n neerdrukkende uitwerking gehad het. Die gange was donker; die vloere van 'n paar klaskamers het in 'n treurige toestand verkeer; een klas is in 'n ou winkel naby die Victoria-brug gehuisves, die houtwerksentrum was ook naby genoemde brug en die huishoudkundesentrum in Greefstraat. Hierdie toestand was nie bevorderlik vir die onderrig nie. Weliswaar sou die gebou binne afsienbare tyd geskilder word, maar dit was slegs 'n tydelike verbetering. Dan volg 'n pleidooi vir 'n nuwe gebou met voldoende speel- en ontspanningsterreine en word daar gewys op buitenmuurse bedrywighede soos hokkie, tennis, netbal, sokker, swem, kadette en eerste hulp. Terwyl die getal leerlinge in st. 6 252 en st. 7 193 was, was daar slegs 66 leerlinge in st. 8. Die rede vir die lae leerlingtal in st. 8 is, tereg of verkeerd, aan die toestand van die gebou en die ontoereikende geriewe vir sport en ontspanning toegeskrywe⁷. Met

betrekking tot vakonderrig is o.m. verklaar dat die peil van Engels goed was en dat die personeel wat Afrikaans onderrig het, fluks werk.

Met verwysing na die inspeksieverslag het die sekretaris van die skoolraad op 30.9.1943 by die Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement aangedring op die bou van 'n nuwe gebou vir die *C.J.H.*-dogters op die terrein wat vir dié doel opsy gesit is „on Riverdale (Prinshof) School grounds”, terwyl alles in die werk gestel moes word om 'n gesikte terrein vir 'n seunskool te verkry.

In dieselfde skrywe is verder verklaar:

„It is felt that a very few, if any of the pupils can take any sort of pride in their school as it is now, and that the vast majority of them are there only under compulsion.”

Nuwe, aantreklike geboue sal die aantal skoolverlaters laat afneem, die stroom na die Tegniese Kollege laat verminder en die toestand in die oorvol Engelsmedium-skole verlig⁸.

Verligting het gekom, maar in 'n ander vorm as wat verwag is. Op 18 Desember 1943 is hergradering van die skool van klas C. na klas A., en dit met ingang van 1 Oktober 1943, aan mnr. Buyskes bekend gemaak.

Op die kwartaalstaat van die eerste kwartaal van 1944 is as leerlingetotaal 490 aangegee. Mnr. N. C. Weideman van Mayville is na die *C.J.H.* gesekondeer, terwyl mevre. G. W. Schutte, G. E. Fourie, N. A. Wilding, A. N. Lamont en M. E. F. van Coller lede van die tydelike staf was. Tydens die vergadering van 26.5.1944 is mnr. H. F. Hayman deur die skoolraad aanbeveel as vise-hoof terwyl die skoolfonds-ontvangste en uitgawes oor 1944 onderskeidelik ongeveer R1 986 en R1 886, met 'n opgehoopte balans van ruim R655, bedra het.

Op 14.9.1944 het die distrikverteenvoordiger van die Departement van Openbare Werke die moontlikheid ondersoek om die voormalige houtwerksentrum op Prinsloostraat 500, wat as 'n klaskamer deur die *C.J.H.* gebruik is, in 'n poskantoor te verander, 'n voorneme waaraan die skoolraad in 'n skrywe van 6.12.1944 sy goedkeuring geheg het¹⁰.

In 1945 het die vaste personeel van die *C.J.H.* uit 13 diensdoende lede bestaan, terwyl die aantal vasgestelde permanente poste 20 bedra het. Na aanbeveling van die hoof het die skoolraad op 25.5.1945 op sy beurt aanbeveel dat A-poste toegeken moes word aan mnre. M. H. Blem, H. J. J. M. van der Merwe en F. W. Lombard en aan mej. L. L. Roe en L.

McGillivray. Die skoolbesoek-persentasie was aan die einde van die eerste en die tweede kwartaal van 1945 onderskeidelik 94.9% en 98.3% in vergelyking met 94.3% en 93% vir al die skole van blankes op Pretoria en die leerlingtal, gedurende die laaste kwartaal van 1945, 429. Aan die toenmalige Ned. Herv. of Geref. Kerk is in Maart 1945 deur die skoolraad toegestaan om 'n klaskamer vir Sondagskool-doeleindes te gebruik¹¹ en in September van dieselfde jaar het die prinsipaal aanbeveel dat mnr. M. Prentice twee klaskamers vir musiek-eksamens gebruik. Die skoolraad het die aanbeveling bekragtig en vir die tydperk van 29.9.1945—6.10.1945 die huur op ruim R2 vasgestel.

Belangriker is die skoolraad se aanbeveling van 28 September 1945 t.w. dat die *C.J.H.* in twee gemengde skole gesplits word, nl. een op die terrein langs die Riverdale-skool en die ander op 'n terrein in Pretoria-Wes waарoor op dié tydstip met die stadsraad van Pretoria onderhandel is. Terselfdertyd het die skoolraad by dieselfde geleenthed sy vorige aanbeveling ten opsigte van afsonderlike skole herroep.

'n Maand nadat die skoolraad bogenoemde aanbeveling gedoen het, het die plaaslike stadsingenieur gevra of die stadsraad, indien die *C.J.H.* verplaas sal word, die skoolgebou en die terrein kan koop of dat die *C.J.H.*-terrein teen 'n ander terrein verruil kan word.

Die skoolraad het, na aanleiding van hierdie navraag, op 16.11.1945 aanbeveel dat die eiendom by ontruiming aan die stadsraad oorgemaak word in ruil vir terreine wat die Provinciale Administrasie van plan is om van die stadsraad te verkry. Op 7.12.1945 is deur die skoolraad genootleer dat die stadsraad twee terreine aan die Provinciale Administrasie aanbied, t.w. vir 'n Engelsmedium junior-hoërskool 'n terrein van 8 morg in Pretoria-Wes teen R2 700 per morg. Hierdie aanbod is, op grond van die verskil in prys wat die stadsraad vir die *C.J.H.*-erf wou betaal en wat vir die twee terreine gevra is, van die hand gewys.

Met 'n aanduiding dat 'n nuwe junior-hoërskool op die Prinshof-terrein nie binne twee jaar sou kom nie, het 1945 in die geskiedenis van die *C.J.H.* ten einde geloop. Die akkommodasie-vraagstuk was nie opgelos nie, die klaskamer in die *Prospect Seminary-gebou* is weer deur die Sensuskantoor in gebruik geneem en aangesien die aantal inskrywings by die Langenhoven-skool hoér was as by die *C.J.H.*, t.w. 524 teenoor 401, was die skoolraad van mening dat daar 'n tweetal tydelike klaskamers opgerig moes word.

Ons mag, op hierdie stadium, gerus na die aantal leerlinge kyk wat Pretoria se junior-hoërskole en hoërskole tussen Januarie 1945 en Augustus 1949 besoek het, ook al omdat dit interessant is om dit met die hedendaagse toestand te vergelyk en om te sien watter belangrike rol eersgenoemde skooltipe in dié jare in die hoofstad gespeel het. Die volgende oorsigte is, ook in ander verband, insiggewend.

	Blankes				Indiërs en Kleurlinge
	<i>Laerskole</i>	<i>J. Hoërskole</i>	<i>Hoërskole</i>	<i>Totaal</i>	
Januarie 1945	36	6	4	46	4
Augustus 1949	43	5	7	55	6
Toename oor 5 jaar	7	— 1	3	9	2

LEERLINGE

<i>Tydstippe</i>	<i>Junior-hoërskole</i>	<i>Hoërskole</i>	
Jan. 1945	3 067	2 437	
Aug. 1945	2 859	2 387	*Gedeeltelik toe te skrywe
Jan. 1946	2 370	2 579	aan die verandering van
Aug. 1946	2 186	2 530	die Pretoria-Wes junior-
Jan. 1947	2 501	2 552	hoërskool in 'n hoërskool.
Aug. 1947	2 332	2 476	
Jan. 1948	2 580	2 506	
Aug. 1948	1 932	2 952	
Jan. 1949	2 306	3 578	
Aug. 1949	2 170	3 560	
<i>Toename</i>	— 897*	1 123	

Die jaar 1946 het, met betrekking tot die *C.J.H.*, met 17 personeellede en 408 leerlinge begin, terwyl 18 vakke onderrig is¹³. Die 4e kwartaal het met 355 leerlinge begin. Mn. Hayman het as vise-hoof begin werk, mn. B. S. C. van Tonder het, in 'n tydelike hoedanigheid, dr. H. J. J. M. van der Merwe opgevolg en in 'n skrywe aan die Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement het die sekretaris van die skoolraad op 4.10.1946 verklaar dat die *C.J.H.* in 1947 meer leerlinge kan verwag omdat die Tegniese Kollege nie meer st. 6-leerlinge sal aanneem nie.

Op 22-25 Oktober 1946 het 'n inspeksie plaasgevind en in die verslag lees ons o.m. dat daar binnekort met die bou van 'n nuwe skool op 'n geskikte terrein begin sou word. Die onderrig in Engels, deur 6 leerkragte behartig, is as goed beskrywe, terwyl die vakonderrig in Afrikaans as goed georganiseer bestempel is.

Aangaande die moontlikheid dat die *C.J.H.* 'n ander tuiste sou vind, is deur die skoolraad op 8.11.1946 genotuleer dat op 30.10.1946 aanbeveel is dat die *C.J.H.*, nadat die gebou verander en vergroot sou wees, in die Rivieraskool ondergebring sal word. Ons lees dan verder:

„This reconsideration was deemed necessary because the work on the new buildings of the Central Junior High on the Riversdale site would shortly be commenced, and the fear had been expressed that any re-allocation of buildings would only result in extending the already protracted period during which the Central Junior High School — the only English Medium Junior High School in Pretoria had been without suitable buildings.”

Tydens dieselfde vergadering is besluit om teenoor die Uitvoerende Komitee die noodsaaklikheid te beklemtoon dat onverwyld geldelike voor-siening gemaak moes word vir die beoogde verandering van die Rivieraskool (m.a.w. die Riverdale-laerskool) om as huisvesting vir die *C.J.H.* te kan dien en dat 'n argitek met die uitwerk van die planne belas word.

Op 11.11.1946 is die Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement van hierdie besluite in kennis gestel, terwyl daar ook nadruk gelê is op die verkryging van 'n terrein tussen Voortrekkerweg en Unionstraat vir die bou van 'n nuwe skool. Op 29.11.1946 het mn. Robert Hicks, wat 'n vergadering van die komitee van Engelsmedium-skole bygewoon het, gerapporteer dat die tekort aan akkommodasie van Engelsmedium-hoërskole bespreek is. Inspkteur B. O. Meyer het die bestaande toestand geskets en die wenk gegee dat die skoolraad daarop aandring dat ten spoedigste 'n terrein vir 'n beoogde Engelsmedium-skool en koshuise verkry

word. Na aanleiding hiervan het die skoolraad dan ook besluit dat genoemde en ander inspekteurs so 'n terrein moes soek. Op 9.12.1946 het die skoolraad 'n afvaardiging van die uitvoerende komitee van die „Pretoria Association of English Medium School Committees” ontvang, wat aangedring het op die onmiddellike oprigting van 'n Engelsmedium-hoërskool met koshuise en die onverwyldे verskaffing van geriewe vir std. 6-leerlinge, vir wie daar geen plek in die bestaande skole sal wees nie. In antwoord op hierdie pleidoorie het die skoolraad geantwoord dat die Riviera-skool m.a.w. die Riverdale-skool, tydelik en as kern vir die beoogde hoërskool kan dien, terwyl besluit is om by die Transvalse Onderwysdepartement aan te beveel dat bykomstige Engelsmedium-hoërskole vir seuns en dogters in Pretoria opgerig word. Met betrekking tot terreine is 'n terrein op die Lynnwood-landgoed (van mnr. Frank Struben) en 'n terrein oos van Rietondale (van die Metodistekerk) in gedagte gehou.

Dat die toestand ernstig was, het ook op oueraande van die Hatfield-en Sunnysideskool, aan die lig gekom. Die ouers het op onmiddellike optrede aangedring.

Terwyl hierdie storm oor Pretoria gewoed en 'n deel van die ouers van die skoolgaande jeug in beroering gehou het, het die *C.J.H.* aan die begin van die eerste kwartaal van 1947 421 leerlinge getel. Nuwe personeellede, t.w. mnre. W. J. Berg en A. M. P. de Ras het hul verskyning gemaak en behalwe vir die twaalf vaste personeellede was mevre. M. H. Wessels, M. J. Ackermann, D. A. Parker en G. E. Fourie, asook mnr. S. Strydom tydelik aan die *C.J.H.* verbonde. Mn. Van Tonder het afgetree, mnr. Brisley het na Vereeniging teruggekeer en mej. Arden-Davis was met siekteverlof, terwyl mnr. Berg tot die permanente staf toegetree het.

In Januarie het die reeds genoemde „Association of English Medium School Committees” sy stem weer begin verhef, waarop die skoolraad geantwoord het dat die bou van twee skole by die Departement van Onderwys aanbeveel is en dat voorsiening gemaak sal moet word om tydelike klaskamers by die *Boys' High* en die *Girls' High* op te rig.

Op 21 Maart 1947 is in die skoolraad se notuleboek aangeteken dat die Transvalse Provinciale Administrasie die tender van die firma Engel en Ruyter vir die oprigting van nuwe geboue ten behoeve van die *Prinshof English Medium Junior High* aanvaar het. Die tenderbedrag was R116 226 en ons kan veronderstel dat kort daarna met

die bou van die nuwe skool, die oostelike gedeelte van die huidige *Hillview High School*, begin is.

In April 1947 het die skoolraad by die Administrateur aanbeveel dat skoolraad- en inspekteurskantore op die hoek van Prinsloo- en Jacob Marestraat gebou word en dat, tot tyd en wyl die nuwe gebou gereed sal wees, die skoolraad en die inspekteurs die *C.J.H.*, na ontruiming, sal betrek. Vroeg in 1948 sou die *C.J.H.*, aldus 'n mededeling van 18.4.1947, na die nuwe skool oortrek¹⁴.

Intussen het dit, uit buitengewoon hoë inskrywings by die *Boys' High* (657) en die *Girls' High* (580) en die feit dat 'n aantal std. 6-leerlinge nog by Engelsmedium-laerskole was (140) die skoolraad weer by die Transvaalse Onderwysdepartement op die bou van 'n tweetal Engelsmedium-hoërskole (Pretoria-Wes, Garsfontein) laat aandring¹⁵.

Ten einde 'n oplossing te vind, het die skoolraad op 26.6.1947 besluit om aan 'n versoek van die hoof van die *C.J.H.* gehoor te gee, t.w. dat std. 6-leerlinge in Januarie 1948 tot die skool toegelaat word om op dié wyse die kern van 'n voorgestelde Engelsmedium-hoërskool te vorm.

Op 9.7.1947 het die skoolraad by die Transvaalse Onderwysdepartement aanbeveel dat in Januarie 1948 'n akademiese groep by die *C.J.H.* gevorm word wat as 'n kern vir die beoogde Engelsmedium-hoërskool kan dien.

Interessantheidshalwe word hier, ook in verband met wat sou volg, vermeld dat die skoolraad die afskeidsfunksie vir sy toenmalige voorstitter mnr. W. B. Clapham, op 25 November 1947 by die Fonteine-kiosk gehou het¹⁶.

Januarie 1948 het, in teenstelling met die gekoesterde verwagtings, nie die trek van die *C.J.H.* na die nuwe gebou op die hoek van Boom- en Du Toitstraat en die begin van die nuwe Engelsmedium-hoërskool in die Staatsmodelskoolgebou gebring nie.

Die nuwe gebou was nog nie gereed nie en op grond hiervan het die Departement van Onderwys besluit dat die beoogde kern van die nuwe hoërskool in die Hamilton-laerskool gevorm moet word¹⁷.

Planne is beraam om die Staatsmodelskool-gebou grondig op te knap deur o.m. nuwe vloere aan te bring en 'n tender ten bedrae van R9 120 is in dié verband in Julie 1948 aanvaar.

Tydens die skoolraadvergadering van 22.4.1948 is deur prof. dr. C. H. Rautenbach die onbestrede mosie voorgestel dat as blyk van

erkentlikheid teenoor die gewese lid en voorsitter van die skoolraad, mnr. W. B. Clapham, die kern van die nuwe hoëskool wat in die Staatsmodelskool-gebou gevorm sal word, as die „Clapham High School” bekend sal staan. Tewens is voorgestel dat by die stigting van 'n nuwe Engelsmedium-hoëskool hierdie naam op die nuwe onderwysinrigting oorgedra sal word.

Die mosie is aangeneem en die sekretaris is opgedra om mnr. Clapham hiervan te verwittig.

Op 20.5.1948 het die Transvaalse Onderwysdepartement sy goedkeuring aan die mosie van prof. Rautenbach en sy raad geheg en op 19 Augustus 1948 is in die skoolraad se notuleboek aantekenen:

„The Secretary reports that the new school opened on 3rd August, 1948, with Mr. Ogden, retired teacher, as Acting Principal”¹⁹.

Tydens die tweede kwartaal van die laaste bestaansjaar van die *C.J.H.* was mnr. A. C. Buyskes prinsipaal. Hy is bygestaan deur mnr. F. W. L. Lombard (8A), mej. E. B. Oakes (8B), mnr. S. Strydom (7B), mej. M. Arden-Davies (7C), mnre. B. J. P. Verster (7E), W. J. Berg (7F) en N. M. Botha (6C), mej. E. L. McGillivray (6D), mej. B. Burnham (6E) en mnr. J. P. Combrink (6F). Huishoudkunde is onderrig deur mej. M. A. P. Shone en houtwerk deur mnr. A. M. P. de Ras. Tydelike personeellede was mevre. N. A. Wilding, M. J. Ackermann, D. A. Parker en mnr. T. J. Pauw, terwyl — in dieselfde opgaaf — vise-hoof M. H. Blem (siekteverlof) en mej. L. L. Roe (verlof) genoem is.

Onder die vaste personeellede was, ten tye van die afsluiting van die bestaan van die *C.J.H.* in die Staatsmodelskool-gebou 'n aantal wat jarelank in dié historiese gebou gewerk het. Saam met mnr. A. C. Buyskes as hoof en mnr. H. M. Blem as onderhoof het mnr. F. W. L. Lombard, mej. E. B. Oakes, mnr. S. Strydom, mej. M. Arden-Davis, mej. L. L. Roe, mnr. W. J. Berg, mev. T. C. van Rooyen, mnr. N. M. Botha, mej. E. L. McGillivray, mnr. T. J. Pauw, mej. B. Burnham en mnre. J. A. J. van Vuuren, B. J. P. Verster en A. M. P. de Ras en mej. M. A. P. Shone het na die gebou op die hoek van Du Toit- en

Boomstraat oorgegaan en met 363 leerlinge (St. 6—165; st. 7—138; st. 8—60) hul werkzaamhede voortgesit²⁰.

Terwyl bogenoemdes almal in vaste diens was, het die volgende tydelike personeel, t.w. waarn. hoof R. Ogden, mev. A. J. Heystek en mej. E. Smulders, met 35 leerlinge (20 seuns, 15 dogters) in st. 6 en 14 leerlinge (9 seuns, 5 dogters) in st. 7, as eerste staflede van die *Clapham High School*, op 3 Augustus 1948 in die Staatsmodelskoolgebou begin werk.

— JAN PLOEGER.

¹ C.J.H.-lêer 3/12, Hoof-Sekr. T.O.D., 16.10.1945.

² Ibid., 3/12/3. Personeel. Pos: 1/34. 224/3. Verwysing: E 34523.

³ Ibid., 3/12. Personeel. Algemeen. Datum van aanvaarding van diens: 11.10.1937.

⁴ In 1941 het Pretoria oor die volgende houtwerk- en kookkunssentrums beskik: Burgher Right (Frederickstraat, H. en K.), Sentraal (Langenhoven-skool), Daspoort (Van Riebeeckstraat, H. en K.), Eendracht (Kochstraat, H. en K.), Gezina (Meyerstraat 174, H. en K.), Hatfield (Schoemanstraat 87, H. en K.), Mayville (Mayvilleskool, H. en K.), Victoria Bridge A (Prinsloostraat 498), Victoria Bridge B (Prinsloostraat 500) en die *Sunnyside Domestic Science Centre* (Greefstraat). Die eersgenoemdes was H-sentrums, die laasgenoemde 'n K-sentrum, Léer 3/12, deel 1, meubels, waarin Houtwerk-inspekteur en Inspekteur van Skole-Sekr. Pretoria Stadskoolraad, 28.2.1942.

⁵ Die werk is in of na Julie 1943 deur mnr. Theo Prinsen uitgevoer. In 1943 het die regering geweiер om 'n terrein vir onderwysdoeleindes op Hospitaalheuwel af te staan. Dit het die einde van genoemde bouplanne beteken. Sien ook notule 30.4.1943, Pretoria Stad-skoolraad. Op die vergadering van 28.5.1943 is besluit om die voorstel van die T.O.D., om 'n junior-hoërskool vir meisies (Eng. medium) op die terrein van die Prinshofskool op te rig, goed te keur.

⁶ C.J.H.-lêer 12, waarin Sekretaris-Prinspaal, 28.1.1943.

⁷ Ibid., lêer 6/12.

⁸ Ibid., lêer 6/12 (Verslae Skoolraad). Daar is aanduidings dat 'n kamer in die *Prospect Seminary*-gebou, waarin die Direkteur van Sensus gehuisves was, vir onderwysdoeleindes deur die C.J.H. gebruik is.

⁹ Ibid., lêer 12, waarin Sekretaris T.O.D.-Hoof, 18.12.1943. Sien ook notule van die Skoolraad, 28.1.1944.

¹⁰ Dit is vandag die Drie Lelies-poskantoor.

¹¹ Notule van Skoolraad, 23.3.1945.

¹² Ibid., 20.9.1945.

¹³ C.J.H.-lêer 3/12. Opgaaf van 29.3.1946.

¹⁴ Notule van Skoolraad, 17.4.1947; Sekr. skoolraad—Sekr. T.O.D., 18.4.1947.

¹⁵ Sekr. skoolraad — Sekr. T.O.D., 16.5.1947. Sien ook: Hoof C.J.H.—Sekr. skoolraad, 4.6.1947.

¹⁶ Notule van Skoolraad, 20.11.1947.

¹⁷ Sekr. T.O.D: --Sekr. skoolraad, 20.1.1948.

¹⁸ *Ibid.*, 20.5.1948.

¹⁹ In „Clapham High School Magazine”, deel 1, 1948, bl. 11 e.v. verskyn R. Ogden se artikel „Historical Note”. Op 3.8.1948 is 3 klasse van die Hamilton-laerskool oor. Inspkiteur B. O. Meyer het die nuwe skool met 'n toespraak geopen. Mn. Clapham was ook voorsitter van die beherende liggeme van *Boys' High* en *Girls' High*. As eerste permanente hoof is mn. M. S. Geen benoem.

²⁰ Op 16.1.1955 het in hierdie gebou, bestaande uit die voormalige Riverdale-laerskool en die oostelike- of C.J.H.-gedeelte, die *Hillview High School* begin. Mn. M. H. Blem, onderhoof van die *Clapham High School* is deur die T.O.D. as hoof gesekondeer om die nuwe skool te organiseer en te beheer. Hy is deur mn. T. W. Chapman opgevolg. Besonderhede in hierdie verband is o.m. vermeld in *Hillview High School*, nr. 1, 1955 (pp. 1-2). Die C.J.H. is op 15.1.1951 tot 'n volslae hoërskool verklaar.

AANTEKENINGE

Deurlope. 'n Boukunde-student, wat 'n studie maak van die deurlope of arkades in Pretoria wat reeds verdwyn het of plek gemaak het vir nuwes, het die redaksie genader met 'n versoek om besonderhede. Baie van ons lesers sal nog onthou hoe die deurlope daar uit gesien het. Sommige van hulle het 'n besondere karakter gehad. Ons doen 'n beroep op die lesers om inligting en veral ou foto's te verstrek. Dit sal baie waardeer word.

Die „horlosie” van pres. Kruger se kerk. Prof. Abel Coetzee, bekend vir sy belangstelling in die volkskunde, het onlangs navraag gedoen na die feit dat die toering van die Gereformeerde Kerk, regoor pres. Kruger se huis, geen horlosie dra nie maar slegs nagemaakte wyserplate. Hy meen dat daar 'n legende of interessante volksverhaal hieraan verbonden is. Kan van ons lesers miskien besonderhede verstrek?

Salvokop. Iemand het navraag gedoen na die herkoms van die naam Salvokop. Dit is, soos bekend, die kop reg agter die spoorwegstasie. Waarskynlik is die naam afkomstig van die feit dat daar „salvo's” met 'n kanon afgeskiet is. As dit die geval is, ontstaan die vraag wanneer dit gebeur het, tydens die Zuid-Afrikaansche Republiek of daarna, en by welke geleenthede. Ook in hierdie geval doen ons 'n beroep op ons lesers om inligting te verstrek.

Die huis van Jan Celliers. Onlangs is in die pers bekend gemaak dat die huis van die digter Jan Celliers, in Kotzerstraat, Sunnyside, aangekoop is deur 'n firma wat daar 'n woonstelgebou gaan oprig. So sal nog 'n stukkie geskiedenis van Pretoria verlore gaan. Ons hoop om later 'n artikel oor die huis te plaas. Intussen sal dit waardeer word indien van ons ouer lesers besonderhede oor die huis of oor die digter en sy familie kan verstrek.

Die Guldenpfennig-gebou. Hierdie gebou, so genoem na die eerste eienaar, Guldenpfennig, wat dit laat bou het, is seker een van die markantste ou geboue wat nog in Pretoria voorkom. Dit staan aan Kerkstraat, teenoor die ou Markplein. 'n Meer bekende naam daarvoor is die Metro Cycle-gebou, omdat hierdie firma reeds vir baie jare daarin gevestig is. Nou dat al die geboue op die eertydse Markplein verdwyn het, kan die gebou van 'n afstand gesien word en kom die besondere boustyl daarvan mooi tot sy reg. Dit is deur argitek De Zwaan ontwerp, dieselfde persoon wat verantwoordelik was vir die Ou Nederlandse Bank op Kerkplein. By die redaksie is navraag gedoen oor die geskiedenis van die gebou. Kan van ons lesers miskien help?

Jubileum. Die Ned. Geref. gemeente Pretoria-Oos en beide die Afrikaanse Hoërmeisieskool en die Afrikaanse Hoërseunskskool is vanjaar vyftig jaar oud. Die gemeente is in 1920 van die moedergemeente Pretoria afgestig en het op 28 April in daardie jaar in die ou Sunnyside-saal in Esselenstraat tot stand gekom. Hierdie heuglike feit is gedurende Aprilmaand deur die gemeente herdenk terwyl 'n keurige gedenkboek die lig gesien het.

Genoemde twee skole het aan die begin van 1920 as 'n gemengde skool in die woonhuis van generaal Joubert in Visagiestraat tot stand gekom. Dit was die eerste Afrikaanse hoërskool in Pretoria. Die skool het in 1927 na die huidige terrein verskuif en is in 1930 opgesplits in 'n meisies- en 'n seunskskool. Na verneem word sal die jaarblaaie van beide skole vanjaar spesiaal aandag aan die geskiedenis van die vyftig jaar sken.

Graag verneem ons van ander skole en inrigtings wat ook 'n jubeljaar gedenk.

Redaksie.